Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CLXI.] PRYS 6d. PRETORIA, 8 SEPTEMBER 8 SEPTEMBER 1950. PRICE 6d. [No. 4456.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „ Buitengewone Staatskoerante " gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No.		BLADSY
	Proklamasies.	
✱ 223.	Geproklameerde Gebied van Coligny	789
✱ 224.	Regulasies op die Beheer van Registrasie in die Geproklameerde Gebied van Lichtenburg	789
✱ 225.	Wet op Patenten, Modellen, Handelsmerken en Auteursrecht, 1916: „ Konventie-Land " Federale Republiek van Duitsland	790
✱ 226.	Grondbewaringsdistrik Bo-Vetrivier	790
✱ 227.	Grondbewaringsgebied Amatola	790
	Goewermentskennisgewings.	
	KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱ 2184.	Notawisseling: Oordrag van die Regte en Eiendomsreg op en die Belange in Marion-eiland en Prins Edward-eiland	791
✱ 2186.	Aanstelling van Waarnemende Sekretaris van die Eerste Minister en van Buitelandse Sake	792
✱ 2212.	Oorhandiging van Geloofsbrief: Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van België	792
✱ 2236.	Protokol vir die Toetreding van Ondertekenaars van die Sluitingsoorkonde van 30 Oktober 1947	792
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
✱ 2166.	Aanstelling van Waarnemende Ontvanger van Inkomste, Pretoria	807
✱ 2182.	Voorlopige Opgawe van Handel vir die Maand geëindig Julie 1950	807
✱ 2183.	Suid-Afrikaanse Reserwebank: Weeklikse Opgawe	808
✱ 2187.	Kwartaalstate deur Handelsbanke	809
✱ 2190.	Herroeping van die Aanwysing van 'n Doeanepakhuis	816
✱ 2213.	Sluiting van Oordragsboeke: Plaaslik Geregistreerde Effekte van 2 Persent, 1952	816
✱ 2214.	Sluiting van Oordragsboeke: Plaaslik Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1953/58	816
	DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:	
✱ 2167.	Konsepproklamasie: Die Dryf van Handel deur Naturelle in die Transkeigebied: Verdere Wysiging van Proklamasie No. 244 van 1934	816
✱ 2171.	Wysiging van Registrasieregulasies Opgestel kragtens Artikel 38 (1) van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, soos gewysig ...	817
✱ 2172.	Munisipaliteit Douglas: Uitbreiding van Naturellelokasie	817
✱ 2173.	Munisipaliteit Nigel: Stigting van Naturellelokasie, ens.	818
✱ 2174.	Uithou van Trustgrond vir Bosdoeleindes, Distrik Port St. Johns	818
✱ 2175.	Uithou van Trustgrond vir Bosdoeleindes, Distrik Port St. Johns	820
✱ 2176.	Uithou van Trustgrond vir Bosdoeleindes, Distrik Bergville	821
✱ 2177.	Beheer en Verbetering van Lewende Hawe, Distrik Libode	822
✱ 2185.	Drankproklamasie vir die Transkeigebied: Goedgekeurde Beroepe	822
✱ 2205.	Naturelle Hoër Hof, Natal: Sittings	822
✱ 2215.	Munisipaliteit Benoni: Verskaffing van Kafferbier Uitsluitlik deur Munisipaliteit	823
✱ 2216.	Stadsgebied Walmer: Brou van Kafferbier vir Huisgebruik	823
✱ 2217.	Intrekking van Vrystelling van die Paswette	823

B.S.=Buitengewone Staatskoerant.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in " Gazettes Extraordinary " are included in the weekly index.

No.		PAGE
	Proclamations.	
✱ 223.	Proclaimed Area of Coligny	789
✱ 224.	Control of Registration Regulations in the Proclaimed Area of Lichtenburg	789
✱ 225.	Patents, Designs, Trade Marks and Copyright Act, 1916: Convention Country: Federal Republic of Germany	790
✱ 226.	Bo-Vetrivier Soil Conservation District	790
✱ 227.	Amatola Soil Conservation Area	790
	Government Notices.	
	OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:	
✱ 2184.	Exchange of Notes: Transfer of the Rights, Title and Interests in Marion Island and Prince Edward Island	791
✱ 2186.	Appointment of Acting Secretary to the Prime Minister and for External Affairs	792
✱ 2212.	Presentation of Letter of Credence: Envoy Extraordinary and Minister Plenipotentiary of Belgium	792
✱ 2236.	Protocol for the Accession of Signatories of the Final Act of October 30, 1947, etc.	792
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
✱ 2166.	Appointment of Acting Receiver of Revenue, Pretoria	807
✱ 2182.	Preliminary Statement of Trade for the Month ended July, 1950	807
✱ 2183.	South African Reserve Bank: Weekly Statement	808
✱ 2187.	Quarterly Statements by Commercial Banks	809
✱ 2190.	Revocation of Appointment of a Bonded Warehouse	816
✱ 2213.	Closing of Transfer Books: 2 Per Cent. Local Registered Stock, 1952	816
✱ 2214	Closing of Transfer Books: 3½ Per Cent. Local Registered Stock, 1953/58	816
	DEPARMENT OF NATIVE AFFAIRS:	
✱ 2167.	Draft Proclamation: Trading by Natives in the Transkeian Territories: Further Amendment of Proclamation No. 244 of 1934	816
✱ 2171.	Amendment of Registration Regulations framed under Section 38 (1) of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, as amended ...	817
✱ 2172.	Douglas Municipality: Extension of Native Location	817
✱ 2173.	Nigel Town Council: Establishment of Native Location, etc.	818
✱ 2174.	Reservation of Trust Land for Forest Purposes: Port St. Johns	818
✱ 2175.	Reservation of Trust Land for Forest Purposes: District Port St. Johns	820
✱ 2176.	Reservation of Trust Land for Forest Purposes: District Bergville	821
✱ 2177.	Control and Improvement of Livestock, District Libode	822
✱ 2185.	Transkeian Territories Liquor Proclamation: Approved Professions	822
✱ 2205.	Native High Court of Natal: Sittings	822
✱ 2215.	Municipality of Benoni: Exclusive Municipal Supply of Kaffir Beer	823
✱ 2216.	Urban Area of Walmer: Domestic Brewing of Kaffir Beer	823
✱ 2217.	Cancellation of Exemption from the Pass Laws	823

G.G.E.=Government Gazette Extraordinary.

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No. BLADSY

DEPARTEMENT VAN LANDE:

*2199. Vaal-Hartz-nedersetting: Hoewes Beskikbaar ... 824
*2218. Komitee van Beheer, Rust-der-Winter-nedersetting: Aanstelling van Lid 824

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:

*2226. Aanstelling en Intrekking van Aanstellings van Vrederegters 824
*2227. Aanstelling en Intrekking van Aanstellings van Kommissarisse van Ede 825

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP:

*2170. Noordkaaplandse Tegniese Kollege: Wysigings van Bestuurskema 827

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS:

*2168. Kommissie van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawediens: Aanstelling van Lid 828

DEPARTEMENT VAN LANDBOU:

*2181. Aanstelling van Ontleder 828
*2208. Professionele Hulp verleen deur Staatsveeartse ... 828
*2209. Newcastle-siekte: Gebiede onder Beperking en Bevele, Verbiedings en Beperkings 828
*2210. Verpligte Dip van Beeste 828

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:

*2154. Wysigings en Verbetering van Kennisgewings gepubliseer in B.S. No. 4429 van 20 Julie 1950 (*B.S.* No. 4453).
*2155. Maksimum Pryse van Landbougereedskap- en Masjinerie (*B.S.* No. 4453).
*2156. Maksimum Pryse vir Stewel- en Skoenherstelwerk (*B.S.* No. 4453).
*2157. Maksimum Pryse van Vleis: Beheerde Gebiede (*B.S.* No. 4453).
*2158. Maksimum Pryse van Horlosies en Klokke (*B.S.* No. 4453).
*2159. Bevriesing van Pryse van Mout-sterk Dranke (*B.S.* No. 4453).
*2165. Algemene Kennisgewing aan Invoerders (*B.S.* No. 4453).
*2203. Aansoeke in sake Doeanetarief 829
*2204. Wet op Standaarde, 1945: Wysiging van Regulasie: Gelde 829

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:

*2191. Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Regulasies betreffende die Minimum Vereistes vir die Diploma in Volksgesondheid 830

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN:

*2211. Huurraad Bloemfontein: Regsgebied 832
*2219. Huurrade: Aanstelling van Lede 833
*2220. Huurrade: Aanstelling van Lede 833
*2221. Huurraad Idutywa: Aanstelling van Lid 833
*2222. Huurraad Brits: Aanstelling van Lede 833
*2223. Huurraad Albert: Aanstelling van Lede 834
*2224. Huurraad Noordelike Pretoria: Aanstelling van Plaasvervangende Lid 834

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:

*2169. Naamsverandering: Prins na Cubitt 834
*2180. Nuusblad- en Drukkersnaamwet, 1934: Afkorting van Drukkersname Geregistreer 834
*2228. Besonderhede betreffende die Algemene Verkiesing van Lede van die Volksraad in Suidwes-Afrika 835

DEPARTEMENT VAN MYNWESE:

*2188. Intrekking en Uitreiking van Diamantslypers-lisensies 835
*2200. Springkell-Sanatorium van die Kamer van Mynwese: Aanstelling van Lede van die Raad van Direkteure 835
*2201. Uithou van Grond vir Dorpsdoeleindes, Distrik Roodepoort 835
*2202. Uithou van Grond vir Dorpsdoeleindes, Distrik Johannesburg 836
*2225. Uithou van Grond vir Dorpsdoeleindes, Distrik Odendaalsrus 836

DEPARTEMENT VAN ARBEID:

*2161. Bounywerheid Albany: Ooreenkoms (*B.S.* No. 4454).
*2162. Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Bounywerheid Albany (*B.S.* No. 4454).
*2163. Suiwelnywerheid, Unie van Suid-Afrika: Ooreenkoms (*B.S.* No. 4455).
*2164. Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Suiwelnywerheid (*B.S.* No. 4455).
*2178. Nywerheid-versoeningswet, Transvaal en Oranje-Vrystaat: Verbeteringskennisgewing 837
*2179. Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Onafgebroke Werk 837

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

Government Notices (continued).

No. PAGE

DEPARTMENT OF LANDS:

*2199. Vaal-Harts Settlement: Holdings Available 824
*2218. Committee of Management, Rust-der-Winter Settlement: Appointment of Member 824

DEPARTMENT OF JUSTICE:

*2226. Appointment and Cancellation of Appointments of Justices of the Peace 824
*2227. Appointment and Cancellation of Appointments of Commissioners of Oaths 825

DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE:

*2170. Northern Cape Technical College: Amendment of Scheme of Government 827

DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS:

*2168. South African Railways and Harbours Service Commission: Appointment of Member 828

DEPARTMENT OF AGRICULTURE:

*2181. Appointment of Analyst 828
*2208. Professional Assistance Rendered by Government Veterinary Officers 828
*2209. Newcastle Disease: Restricted Areas, and Orders, Prohibitions and Restrictions 828
*2210. Compulsory Dipping of Cattle 828

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:

*2154. Amendments and Correction to Notices published in *G.G.E.* No. 4429 of 20th July, 1950 (*G.G.E.* No. 4453).
*2155. Maximum Prices of Agricultural Implements and Machinery (*G.G.E.* No. 4453).
*2156. Maximum Charges for Boot and Shoe Repairs (*G.G.E.* No. 4453).
*2157. Maximum Prices of Meat: Controlled Areas (*G.G.E.* No. 4453).
*2158. Maximum Prices of Clocks and Watches (*G.G.E.* No. 4453).
*2159. Maximum Prices of Malt Liquors (*G.G.E.* No. 4453).
*2165. General Notice to Importers (*G.G.E.* No. 4453).
*2203. Customs Tariff Applications 829
*2204. Standards Act, 1945: Amendment of Regulations, Fees 829

DEPARTMENT OF HEALTH:

*2191. The South African Medical and Dental Council: Regulations Regarding the Minimum Requirements for the Diploma in Public Health 830

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE:

*2211. Rent Board Bloemfontein: Area of Jurisdiction 832
*2219. Rent Boards: Appointment of Members 833
*2220. Rent Boards: Appointment of Members 833
*2221. Idutywa Rent Board: Appointment of Member ... 833
*2222. Brits Rent Board: Appointment of Member ... 833
*2223. Albert Rent Board: Appointment of Member ... 834
*2224. Pretoria Northern Rent Board: Appointment of Alternate Member 834

DEPARTMENT OF INTERIOR:

*2169. Change of Name: Prins to Cubitt 834
*2180. Newspaper and Imprint Act, 1934: Imprint Abbreviations Registered 834
*2228. Details relating to the General Election of Members of the House of Assembly in South-West Africa 835

DEPARTMENT OF MINES:

*2188. Cancellation and Issue of Diamond Cutter's Licences 835
*2200. Chamber of Mines (Springkell) Sanatorium: Appointment of Members of the Board of Directors 835
*2201. Reservation of Ground for Township Purposes, District Roodepoort 835
*2202. Reservation of Ground for Township Purposes, District Johannesburg 836
*2225. Reservation of Ground for Township Purposes: District Odendaalsrus 836

DEPARTMENT OF LABOUR:

*2161. Building Industry, Albany: Agreement (*G.G.E.* No. 4454).
*2162. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Building Industry, Albany (*G.G.E.* No. 4454).
*2163. Dairy Industry, Union of South Africa: Agreement (*G.G.E.* No. 4455).
*2164. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Dairy Industry (*G.G.E.* No. 4455).
*2178. Motor Industry, Transvaal and Orange Free State: Correction Notice 837
*2179. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Continuous Working 837

(Continued on inside back cover.)

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 223, 1950.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN COLIGNY.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die stadsgebied Coligny met ingang van die eerste dag van Oktober 1950, 'n gebied is wat aan die bepalings van genoemde artikel *drie-en-twintig* onderworpe is;

En verder gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Coligny om die bevoegdhede in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig* gemeld, met ingang van die eerste dag van Oktober 1950, in genoemde gebied uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde gebied na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so'n werkgewer in diens is, deur my uitgeoefen word en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Coligny nie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

E. G. JANSEN.

✱ No. 224, 1950.]

REGULASIES OP DIE BEHEER VAN REGISTRASIE IN DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN LICHTENBURG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) en subartikel (1) *bis* van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, gelas ek die stedelike plaaslike bestuur van Lichtenburg, Transvaal, hierby om die bevoegdhede in paragrawe (*a*) tot en met (*h*) van subartikel (1) van genoemde artikel *drie-en-twintig* gemeld, in die geproklameerde gebied van Lichtenburg soos omskryf in Proklamasie No. 202 van 1924, soos gewysig, met ingang van die eerste dag van Oktober 1950 uit te oefen, behalwe dat genoemde bevoegdhede ten opsigte van 'n werkgewer wat in genoemde geproklameerde gebied na goud of steenkool delf en 'n naturel wat in verband met die delf na goud of steenkool by so'n werkgewer in diens is, deur my uitgeoefen word en nie deur die stedelike plaaslike bestuur van Lichtenburg nie;

En verder verklaar ek dat die bepalings van Proklamasie No. 202 van 1924 dienooreenkomstig met ingang van die eerste dag van Oktober 1950 gewysig word.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

E. G. JANSEN.

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE ERNEST FREDERICK WATERMEYER, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 223, 1950.]

PROCLAIMED AREA OF COLIGNY.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I do hereby declare that with effect from the first day of October, 1950, the urban area of Coligny shall be an area subject to the provisions of the said section *twenty-three;*

And I do further require the urban local authority of Coligny to exercise with effect from the first day of October, 1950, within the said area the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three,* save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the said area and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Coligny.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Pretoria on this Fourteenth day of August, One thousand Nine hundred and Fifty.

E. F. WATERMEYER,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

E. G. JANSEN.

✱ No. 224, 1950.]

CONTROL OF REGISTRATION REGULATIONS IN THE PROCLAIMED AREA OF LICHTENBURG.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) and sub-section (1) *bis* of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I hereby require the urban local authority of Lichtenburg, Transvaal, to exercise, with effect from the first day of October, 1950, within the proclaimed area of Lichtenburg as defined in Proclamation No. 202 of 1924, as amended, the powers specified in paragraphs (*a*) to and including (*h*) of sub-section (1) of the said section *twenty-three,* save that in respect of any employer engaged in mining for gold or coal in the said proclaimed area and any native employed by such employer in connection with such mining for gold or coal, the said powers shall be exercised by me and not by the urban local authority of Lichtenburg;

And I do further declare that, with effect from the first day of October, 1950, the provisions of Proclamation No. 202 of 1924 are modified accordingly.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Pretoria on this Fourteenth day of August, One thousand Nine hundred and Fifty.

E. F. WATERMEYER,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

E. G. JANSEN.

✱ No. 225, 1950.]

WET OP PATENTEN, MODELLEN, HANDELSMERKEN EN AUTEURSRECHT, 1916.

Kragtens die bevoegdheid my verleen op grond van die omskrywing van „Konventie-land" in artikel *honderd drie-en-negentig* van die Wet op Patenten, Modellen, Handelsmerken en Auteursrecht, 1916 (Wet No. 9 van 1916), soos gewysig by artikel *vyf-en-twintig* van die Wysigingswet op Patente, Modelle en Handelsmerke, 1947 (Wet No. 19 van 1947), verklaar ek hierby dat die Federale Republiek van Duitsland „Konventie-land" is ten opsigte van die Unie-konvensie van Parys, 20 Maart 1883, vir die Beskerming van Industriële Eiendom, wat op 14 Desember 1900 in Brussels, op 2 Junie 1911 in Washington, op 6 November 1925 in Den Haag en op 2 Junie 1934 in Londen hersien is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

N. C. HAVENGA.

✱ No. 226, 1950.]

BO-VETRIVIER-GRONDBEWARINGSDISTRIK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Grondbewaringswet, 1946 (Wet No. 45 van 1946), verklaar ek hierby dat die Bylae tot Proklamasie No. 172 van 1948 gewysig word—

(*a*) deur die woorde „Zand Drift No. 367, Smaldeel No. 23, genoemde Zand Drift" te skrap;

(*b*) deur na die woord „Zandspruit No. 151" die woorde „Lowlands 368, Nels Rust 409, Clifton 336, Groenhoek 342, Mequatlingsnek 131" in te voeg.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria, op hede die Vyftiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

S. P. LE ROUX.

✱ No. 227, 1950.]

AMATOLA-GRONDBEWARINGSGEBIED.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Grondbewaringswet, 1946 (Wet No. 45 van 1946), verklaar ek hierby dat die Bylae tot Proklamasie No. 38 van 1949 gewysig word deur na die woord „Tshabo-lokasie 63" die woorde „Dongwe-lokasie 1, Mncotsho-lokasie 30, Mhlabatie-lokasie 60, Mabeleni-lokasie 44, genoemde Dongwe-lokasie" in te voeg.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria, op hede die Vyftiende dag van Augustus Eenduisend Negehonderd en Vyftig.

E. F. WATERMEYER,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

S. P. LE ROUX.

✱ No. 225, 1950.]

PATENTS, DESIGNS, TRADE MARKS AND COPYRIGHT ACT, 1916.

Under the powers vested in me by virtue of the definition of "Convention Country" in section *one hundred and ninety-three* of the Patents, Designs, Trade Marks and Copywright Act, 1916 (Act No. 9 of 1916), as amended by section *twenty-five* of the Patents, Designs and Trade Marks Act, 1947 (Act No. 19 of 1947), I hereby declare that the Federal Republic of Germany shall be Convention Country in respect of the Union Convention of Paris, 20th March, 1883, for the Protection of Industrial Property, revised at Brussels on the 14th December, 1900, at Washington on the 2nd June, 1911, at the The Hague on the 6th November, 1925, and at London on the 2nd June, 1934.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Pretoria this Twenty-first day of August, One thousand Nine hundred and Fifty

E. F. WATERMEYER,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

N. C. HAVENGA.

✱ No. 226, 1950.]

BO-VETRIVIER SOIL CONSERVATION DISTRICT.

Under the powers vested in me by section *nine* of the Soil Conservation Act, 1946 (Act No. 45 of 1946), I hereby declare that the Schedule to Proclamation No. 172 of 1948 is amended—

(*a*) by the deletion of the words "Zand Drift No. 367, Smaldeel No. 23, the said Zand Drift";

(*b*) by inserting the words "Lowlands 368, Nels Rust 409, Clifton 336, Groenhoek 342, Mequatlingsnek 131" after the word "Zandspruit No. 151".

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Pretoria on this Fifteenth day of August, One thousand Nine hundred and Fifty.

E. F. WATERMEYER,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

S. P. LE ROUX.

✱ No. 227, 1950.]

AMATOLA SOIL CONSERVATION AREA.

Under the powers vested in me by section *twenty-six* of the Soil Conservation Act, 1946 (Act No. 45 of 1946), I hereby declare that the Schedule to Proclamation No. 38 of 1949 is amended by inserting the words "Dongwe Location 1, Mncotsho Location 30, Mhlabatie Location 60, Mabeleni Location 44, the said Dongwe Location" after the word "Tshabo Location 63".

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Pretoria on this Fifteenth day of August, One thousand Nine hundred and Fifty.

E. F. WATERMEYER,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

S. P. LE ROUX.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 2184.] [8 September 1950.

NOTAWISSELING TUSSEN DIE REGERING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK IN VERBAND MET DIE OORDRAG VAN DIE REGTE EN EIENDOMSREG OP EN DIE BELANGE IN MARION-EILAND EN PRINS EDWARD-EILAND.

Kantoor van Gemenebesbetrekking,
Downingstraat,
S.W. 1,
15 Februarie 1949.

Meneer,

Ek het die eer om hierby die reëlings te bevestig dat Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk die regte en eiendomsreg op en die belange wat hy voorheen in Marion-eiland en Prins Edward-eiland gehad het, aan Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika moet oordra. Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk het daarvan kennis geneem dat die nasionale vlag van die Unie van Suid-Afrika op 24 Desember 1947 op Marion-eiland en op 4 Januarie 1948 op Prins Edward-eiland gehys is en dat 'n doeltreffende regering en administrasie van die eilande met ingang van genoemde datums deur Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika ingestel is, en beskou derhalwe die oordrag as voltooi met ingang van genoemde datums.

Hoogagtend,
U dienswillige,
(Get.) PHILIP NOEL-BAKER.

Sy Eksellensie die Hoë Kommissaris vir die Unie van Suid-Afrika.

Verwysing No. 19/88/2.

Suid-Afrika-huis,
Trafalgarplein,
Londen, W.C. 2.
22 Februarie 1949.

Meneer,

Ek het die eer om die ontvangs van u brief van 15 Februarie 1949, wat as volg lui, te erken:—

„Ek het die eer om hierby die reëlings te bevestig dat Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk die regte en eiendomsreg op en die belange wat hy voorheen in Marion-eiland en Prins Edward-eiland gehad het, aan Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika moet oordra. Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk het daarvan kennis geneem dat die nasionale vlag van die Unie van Suid-Afrika op 24 Desember 1947 op Marion-eiland en op 4 Januarie 1948 op Prins Edward-eiland gehys is en dat 'n doeltreffende regering en administrasie van die eilande met ingang van genoemde datums deur Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika ingestel is, en beskou derhalwe die oordrag as voltooi met ingang van genoemde datums."

Sy Majesteit se Regering in die Unie van Suid-Afrika het behoorlik kennis geneem van hierdie verklaring van Sy Majesteit se Regering in die Verenigde Koninkryk en beskou, vir sover dit hom betref, eweneens die oordrag as voltooi met ingang van die datums daarin genoem.

Hoogagtend,
U dienswillige,
(Get.) C. H. TORRANCE.

Die Staatsekretaris vir Gemenebesbetrekkinge.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 2184.] [8 September 1950.

EXCHANGE OF NOTES BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND THE GOVERNMENT OF THE UNITED KINGDOM WITH REGARD TO THE TRANSFER OF THE RIGHTS, TITLE AND INTERESTS IN MARION ISLAND AND PRINCE EDWARD ISLAND.

Commonwealth Relations Office,
Downing Street,
S.W. 1,
15th February, 1949.

Sir,

I have the honour hereby to confirm the arrangements that His Majesty's Government in the United Kingdom should transfer to His Majesty's Government in the Union of South Africa the rights, title and interests which they formerly possessed in Marion Island and Prince Edward Island. His Majesty's Government in the United Kingdom have taken note that the national flag of the Union of South Africa was hoisted on Marion Island on 24th December, 1947, and on Prince Edward Island on 4th January, 1948, and that effective government and administration of the Islands were established by His Majesty's Government in the Union of South Africa as from those dates; and consequently regard the transfer as complete as from those dates.

I have the honour to be,
Sir,
Your Excellency's most humble and obedient servant,
(Sgd.) PHILIP NOEL-BAKER.

His Excellency the High Commissioner for the Union of South Africa.

Reference No. 19/88/2.

South Africa House,
Trafalgar Square,
London, W.C. 2,
22nd February, 1949.

Sir,

I have the honour to acknowledge the receipt of your letter of the 15th February, 1949, reading as follows:—

"I have the honour hereby to confirm the arrangement that His Majesty's Government in the United Kingdom should transfer to His Majesty's Government in the Union of South Africa the rights, title and interests which they formerly possessed in Marion Island and Prince Edward Island. His Majesty's Government in the United Kingdom have taken note that the national flag of the Union of South Africa was hoisted on Marion Island on 24th December, 1947, and on Prince Edward Island on 4th January, 1948, and that effective government and administration of the Islands were established by His Majesty's Government in the Union of South Africa as from those dates; and consequently regard the transfer as complete as from those dates."

His Majesty's Government in the Union of South Africa have duly taken note of this declaration of His Majesty's Government in the United Kingdom, and for their part likewise regard the transfer as complete as from the dates referred to therein.

I have the honour to be,
Sir,
Your obedient servant,
(Sgd.) C. H. TORRANCE.

Secretary of State for Commonwealth Relations.

✱ No. 2186.] [8 Sepember 1950.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat McDonald Spies, Ondersekretaris van die Eerste Minister en van Buitelandse Sake, met ingang van 1 September 1950 as Waarnemende Sekretaris van die Eerste Minister en van Buitelandse Sake gedurende die afwesigheid, met verlof en daarna in diens buite die Unie, van Douglas David Forsyth, Sekretaris van die Eerste Minister en van Buitelandse Sake, aangestel is.

✱ No. 2212.] [8 September 1950.

Hierby word bekendgemaak dat die heer John van Rickstal om 11 vm. op 22 Augustus 1950 by Goewermentshuis, Pretoria, deur Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag ontvang is en dat hy by hierdie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van België oorhandig het.

✱ No. 2236.] [8 September 1950.

Die Unieregering het deelgeneem aan die Tweede Vergadering van die Kontrakterende Partye tot die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel wat in Genève gedurende 1948 gehou is, en wat uitgeloop het op die opstel van die volgende:—

(i) Protokol vir die Toetreding van Ondertekenaars van die Sluitingsoorkonde van 30 Oktober 1947.
(ii) Tweede Protokol van Verbeterings van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel.
(iii) Protokol tot Wysiging van Deel II en Artikel XXVI van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel.
(iv) Protokol tot wysiging van Deel I en Artikel XXIX van die Algemene Ooreenkoms oor tariewe en Handel.

Die tekste van die bovermelde vier Protokolle is aangeheg:

PROTOKOL VIR DIE TOETREDING VAN ONDERTEKENAARS VAN DIE SLUITINGSOORKONDE VAN 30 OKTOBER 1947.

AANGESIEN die Protokol van Voorlopige Toepassing van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel wat kragtens die bepalings daarvan tot 30 Junie 1948 ter ondertekening gelê het, teen daardie datum nie onderteken was deur al die regerings wat die Sluitingsoorkonde van die Tweede Sitting van die Voorbereidingskomitee vir die Verenigde Nasies se Konferensie oor Handel en Werkverskaffing onderteken het nie;

AANGESIEN die besluit van die Tweede Sitting van die Kontrakterende Partye lui dat so'n regering nie beskou word 'n „ party " by die Algemene Ooreenkoms in die sin van Artikel XXXIII daarvan te wees nie; en

AANGESIEN dit wenslik is om tussen so'n regering en die Kontrakterende Partye 'n verdere geleentheid te gee vir die voorlopige toepassing van die bepalings van die Algemene Ooreenkoms wat op die Tweede Sitting van die Voorbereidingskomitee gesluit en op 30 Oktober 1947 bekragtig is;

SO IS DIT DAT AS VOLG OOREENGEKOM WORD met betrekking tot die bepalings waarkragtens so'n regering, deur ondertekening van hierdie Protokol, kragtens Artikel XXXIII van die Algemene Ooreenkoms kan toetree:—

1. Elke sodanige regering moet, sonder om sy reg om die Algemene Ooreenkoms kragtens Artikel XXVI aan te neem, te benadeel, die Algemene Ooreenkoms, soos gewysig en verbeter, voorlopig toepas ooreenkomstig die bepalings van paragrawe (*a*), (*b*) en 5 van die Protokol van Voorlopige Toepassing. So'n regering het ook die reg van verkiesing waarvoor in subparagraaf (*d*) van paragraaf 1 van Artikel XIV van die Algemene Ooreenkoms voorsiening gemaak is

✱ No. 2186.] [8 September 1950.

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY TO THE PRIME MINISTER AND FOR EXTERNAL AFFAIRS.

It is hereby notified for general information that McDonald Spies, Under-Secretary to the Prime Minister and for External Affairs, has been appointed Acting Secretary to the Prime Minister and for External affairs during the absence on leave and thereafter on duty outside the Union of Douglas David Forsyth, Secretary to the Prime Minister and for External Affairs, from the 1st September, 1950.

✱ No. 2212.] [8 September 1950.

It is hereby notified that Mr. John van Rickstal was received by His Excellency the Officer Administering the Government at Government House, Pretoria, at 11 a.m. on the 22nd August, 1950, on which occasion he presented his Letter of Credence as Envoy Extraordinary and Minister Plenipotentiary of Belgium.

✱ No. 2236.] [8 September 1950.

The Union Government participated in the Second Meeting of the Contracting Parties to the General Agreement on Tariffs and Trade which was held in Geneva during 1948, and which resulted in the framing of the following:—

(i) Protocol for the Accession of Signatories of the Final Act of October 30, 1947.

(ii) Second Protocol of Rectifications to the General Agreement on Tariffs and Trade.

(iii) Protocol Modifying Part II and Article XXVI of the General Agreement on Tariffs and Trade.

(iv) Protocol Modifying Part I and Article XXIX of the General Agreement on Tariffs and Trade.

The texts of the above four Protocols are appended:—

PROTOCOL FOR THE ACCESSION OF SIGNATORIES OF THE FINAL ACT OF OCTOBER 30, 1947.

CONSIDERING the fact that the Protocol of Provisional Application of the General Agreement on Tariffs and Trade, which by its terms remained open for signature until June 30, 1948, was not by that date signed by all the governments signatory to the Final Act of the Second Session of the Preparatory Committee for the United Nations Conference on Trade and Employment,

CONSIDERING the Resolution of the Second Session of the Contracting Parties that such a government shall not be considered to be a " party " to the General Agreement within the meaning of Article XXXIII thereof, and

CONSIDERING the desirability of affording an additional opportunity for the provisional application between such a government and the Contracting Parties of the provisions of the General Agreement which was concluded at the Second Session of the Preparatory Committee and authenticated on October 30, 1947,

IT IS AGREED with regard to the terms upon which such a government, by signature of the present protocol, may accede under Article XXXIII of the General Agreement:—

1. Any such government shall, without prejudice to its right to accept the General Agreement under Article XXVI, apply the General Agreement, as amended and rectified, provisionally in accordance with the provisions of paragraphs 1 (*a*), 1 (*b*), and 5 of the Protocol of Provisional Application. Such government shall also have the right of election provided for in sub-paragraph (*d*) of paragraph 1

asof hy die Protokol van Voorlopige Toepassing voor 1 Julie 1948 onderteken het; *met dien verstande* dat die skriftelike kennisgewing van so'n verkiesing voor 1 Januarie 1949 of voor die dag waarop die regering 'n kontrakterende party word, na gelang van watter die laatste is, aan die Kontrakterende Partye meegedeel word.

2. Die voorlopige toepassing word vir so'n regering van krag op die dertigste dag na ondertekening hiervan deur dié regering; *met dien verstande* dat die ondertekening voor 17 Februarie 1949 geskied; *voorts met dien verstande* dat hierdie Protokol op die dag van ondertekening deur twee-derdes van die regerings wat op dié tydstip Kontrakterende Partye by die Algemene Ooreenkoms is, onderteken is. Wanneer hierdie Protocol deur twee-derdes van die Kontrakterende Partye onderteken is, maak dit 'n besluit uit vir die toepassing van Artikel XXXIII van die Algemene Ooreenkoms.

3. Die oorspronklike teks van hierdie Protokol word by die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies ingedien, waar dit ter ondertekening sal lê. Die Sekretaris-generaal word gemagtig om die Protokol te registreer.

TEN BEWYSE WAARVAN die onderskeie verteenwoordigers, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Protokol onderteken het.

ALDUS GEDOEN te Genève in 'n enkele eksemplaar in die Engelse en in die Franse taal, waarvan albei tekste outentiek is, op hede die 14de dag van September 1948.

(Hier volg die handtekeninge.)

TWEEDE PROTOKOL VAN VERBETERINGS VAN DIE ALGEMENE OOREENKOMS OOR TARIEWE EN HANDEL.

DIE REGERING van die Gemenebes Australië, die Koninkryk België, die Verenigde State van Brasilië, Birma, Ceylon, die Republiek China, die Republiek Kuba, die Republiek Tsjeggo-Slowakye, die Franse Republiek, Indië, Libanon, die Groothertogdom Luxemburg, die Koninkryk Nederland, Nieu-Seeland, die Koninkryk Noorweë, Pakistan, Suid-Rhodesië, Sirië, die Unie van Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Verenigde State van Amerika, handelende in hulle hoedanigheid van Kontrakterende Partye by die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, en DIE REGERING van die Republiek Chile handelende in sy hoedanigheid van ondertekenaar van die Sluitingsoorkonde wat aangeneem is by die sluiting van die tweede sitting van die Voorbereidingskomitee van die Verenigde Nasies se Konferensie oor Handel en Werkverskaffing, wat die teks van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel bekragtig het;

WAT DAARVAN kennis geneem het dat sekere verdere verbeterings in die outentieke tekste van dié bylaes wat deel uitmaak van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, aangebring moet word;

KOM HIERBY OOREEN dat onderstaande verbeterings in die Bylae van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel aangebring word:—

BYLAE VIII.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

(Hierdie Bylae is slegs in die Engelse taal outentiek.)

DEEL I.

MEES BEGUNSTIGDE NASIE-TARIEF.

Item 224 *ex* (*d*).

In die Engelse teks van item 224 *ex* (*d*) moet die beskrywing van produkte lui:—

„Caffeine, theobromine, emetine and natural methol".

of Article XIV of the General Agreement as if it had been signed the Protocol of Provisional Application before July 1, 1948; *provided* the written notice of such election is communicated to the Contracting Parties before January 1, 1949, or before the day on which such government becomes a contracting party, whichever is the later.

2. Such provisional application shall take effect for any such government on the thirtieth day after the signature hereof by such government; *provided* such signature is affixed before February 17, 1949; and *provided* further that this Protocol has on the day of such signature been signed by two-thirds of the governments then Contracting Parties to the General Agreement. Upon signature of this protocol by two-thirds of the Contracting Parties it shall constitute a decision for the purpose of Article XXXIII of the General Agreement.

3. The original of this Protocol shall be deposited with the Secretary-General of the United Nations, where it will remain open for signature. The Secretary-General is authorized to effect registration of the Protocol.

IN WITNESS WHEREOF the respective representatives, duly authorized, have signed the present Protocol.

DONE at Geneva, in a single copy, in the English and French languages, both texts authentic, this 14th day of September, 1948.

(Here follow the signatures.)

SECOND PROTOCOL OF RECTIFICATIONS TO THE GENERAL AGREEMENT ON TARIFFS AND TRADE.

THE GOVERNMENTS of the Commonwealth of Australia, the Kingdom of Belgium, the United States of Brazil, Burma, Canada, Ceylon, the Republic of China, the Republic of Cuba, the Czechoslovak Republic, the French Republic, India, Lebanon, the Grand Duchy or Luxemburg, the Kingdom of the Netherlands, New Zealand, the Kingdom of Norway, Pakistan, Southern Rhodesia, Syria, the Union of South Africa, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, and the United States of America, acting in their capacity of contracting parties to the General Agreement on Tariffs and Trade, and

THE GOVERNMENT of the Republic of Chile, acting in its capacity of signatory of the Final Act adopted at the conclusion of the Second Session of the Preparatory Committee of the United Nations Conference on Trade and Employment which authenticated the text of the General Agreement on Tariffs and Trade,

HAVING noted that certain further rectifications should be made in the authentic texts of the Schedules forming part of the General Agreement on Tariffs and Trade,

HEREBY AGREE that the following rectifications shall be made in the Schedule to the General Agreement on Tariffs and Trade:—

SCHEDULE VIII.—UNION OF SOUTH AFRICA.

(This Schedule is authentic only in the English language.)

PART I.

MOST-FAVOURED-NATION TARIFF.

Item 224 *ex* (*d*).

In the English text of item 224 *ex* (*d*) the description of products shall read:—

"Caffeine, theobromine, emetine and natural methol".

BYLAE XX.—VERENIGDE STATE VAN AMERIKA.

(Hierdie Bylae is slegs in die Engelse taal outentiek.)

DEEL I.

MEES BEGUNSTIGDE NASIE-TARIEF.

Item 708 (*a*).

In die Engelse teks van item 708 (*a*) moet die hoofbeskrywing wees:—

„Milk, condensed or evaporated".

Item 1110.

In die Engelse teks van item 1110 moet die reg wees:—

„33 cents per lb. and 25 per cent. *ad val.*"

Item 1503 (*derde*).

In die Engelse teks van die derde item 1503 moet die voorbehoudsbepaling as volg lui:—

„*Provided,* that for the purpose only of applying the second proviso to paragraph 1503, Tariff Act of 1930, to articles provided for in this item, each rate of duty 'existing' (within the meaning of section *three hundred and fifty,* Tariff Act of 1930, as amended by the Act of July 5, 1945), on January 1, 1945, shall be reduced by 50 per centum of such rate."

Die bepalings van hierdie Protokol maak op en na hierdie dag 'n integrerende deel van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel van 30 Oktober 1947 uit en die verbeterings hierby ingesluit word toegepas asof hulle deel van die genoemde Ooreenkoms op genoemde datum uitgemaak het.

Die oorspronklike teks van hierdie protokol word by die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies ingedien, wat gemagtig word om dit te registreer.

TEN BEWYSE WAARVAN die onderskeie verteenwoordigers, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Protokol onderteken het.

ALDUS GEDOEN te Genève, in 'n enkele eksemplaar, in die Engelse en in die Franse tale, waarvan albei tekste outentiek is, op hede die 14de dag van September 1948.

(Hier volg die handtekeninge.)

PROTOKOL TOT WYSIGING VAN DEEL II EN ARTIKEL XXVI VAN DIE ALGEMENE OOREENKOMS OOR TARIEWE EN HANDEL.

Die Regerings van die Gemenebes Australië, die Koninkryk België, die Verenigde State van Brasilië, Birma, Kanada, Ceylon, die Republiek China, die Republiek Kuba, die Republiek Tsjeggo-Slowakye, die Franse Republiek, Indië, Libanon, die Groothertogdom van Luxemburg, die Koninkryk Nederland, Nieu-Seeland, die Koninkryk Noorweë, Pakistan, Suid-Rhodesië, Sirië, die Unie van Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Verenigde State van Amerika, handelende in hulle hoedanigheid van kontrakterende partye by die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel (hierna die Ooreenkoms genoem), wat 'n wysiging in die Ooreenkoms wil aanbring ingevolge die bepalings van Artikel XXX daarvan, KOM HIERBY AS VOLG OOREEN:—

1. Die teks van Artikels III, VI, XIII, XV, XVIII en XXVI van die Ooreenkoms en sekere verwante bepalings in Aanhangsel I word as volg gewysig:—

A.

Die teks van Artikel III moet lui:—

„ARTIKEL III.

Nasionale behandeling van binnelandse belasting en regulering.

1. Die Kontrakterende Partye erken dat binnelandse belastings en ander binnelandse heffings, en wette, regulasies en bepalings wat die binnelandse verkoop, te koop aanbied, verkoop, aankoop, vervoer, distribusie of gebruik van produkte raak en binnelandse kwantitatiewe regulasies op die vermenging, verwerking of gebruik van produkte in gespesifiseerde hoeveelhede of verhoudings nie op ingevoerde of binnelandse produkte van toepassing moet wees nie, sodat aan binnelandse produksie beskerming verleen kan word.

SCHEDULE XX.—UNITED STATES OF AMERICA.

(This Schedule is authentic only in the English language.)

PART I.

MOST-FAVOURED-NATION TARIFF.

Item 708 (*a*).

In the English text of item 708 (*a*) the principal description shall be—

"Milk, condensed or evaporated:".

Item 1110.

In the English text of item 1110 the rate of duty shall be:—

"33 cents per lb. and 25 per cent. *ad val.*".

Item 1503 (*third*).

In the English text of the third item 1503 the proviso shall read:—

"*Provided,* That for the purpose only of applying the second proviso to paragraph 1503, Tariff Act of 1930, to articles provided for in this item, each rate of duty 'existing' (within the meaning of Section 350, Tariff Act of 1930, as amended by the Act of July 5, 1945), on January 1, 1945, shall be reduced by 50 per centum of such rate."

The provisions of this Protocol shall on and after this day constitute an integral part of the General Agreement on Tariffs and Trade, dated October 30, 1947, and the rectifications included herein shall be applied as if they had formed a part of said Agreement on that date.

The original of this Protocol shall be deposited with the Secretary-General of the United Nations, who is authorized to effect registration thereof.

IN WITNESS WHEREOF the respective representatives, duly authorized, have signed the present Protocol,

DONE at Geneva, in a single copy, in the English and French languages, both texts authentic, this 14th day of September, 1948.

(Here follow the signatures.)

PROTOCOL MODIFYING PART II AND ARTICLE XXVI OF THE GENERAL AGREEMENT ON TARIFFS AND TRADE.

The Governments of the Commonwealth of Australia, the Kingdom of Belgium, the United States of Brazil, Burma, Canada, Ceylon, the Republic of China, the Republic of Cuba, the Czechoslovak Republic, the French Republic, India, Lebanon, the Grand Duchy of Luxemburg, the Kingdom of the Netherlands, New Zealand, the Kingdom of Norway, Pakistan, Southern Rhodesia, Syria, the Union of South Africa, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, and the United States of America, acting in their capacity of contracting parties to the General Agreement on Tariffs and Trade (hereinafter referred to as the Agreement), desiring to effect an amendment to the Agreement, pursuant to the provisions of Article XXX thereof, HEREBY AGREE AS FOLLOWS:—

1. The texts of Articles III, VI, XIII, XV, XVIII and XXVI of the Agreement and certain related provisions in Annex I shall be notified as follows:—

A.

The text of Article III shall read:—

"ARTICLE III.

National Treatment of Internal Taxation and Regulation.

1. The Contracting Parties recognize that internal taxes and other internal charges, and laws, regulations and requirements affecting the internal sale, offering for sale, purchase, transportation, distribution or use of products and internal quantitative regulations requiring the mixture, processing or use of products in specified amounts or proportions, should not be applied to imported or domestic products so as to afford protection to domestic production.

2. Die produkte van die gebied van 'n kontrakterende party wat in die gebied van 'n ander kontrakterende party ingevoer word, is nie, regstreeks of onregstreeks, onderworpe aan binnelandse belastings of ander binnelandse heffing van watter aard bo dié wat, regstreek of onregstreeks, op soortgelyke binnelandse produkte van toepassing is nie. Bowendien mag geen kontrakterende party andersins binnelandse belastings of ander binnelandse heffings toepas op ingevoerde of binnelandse produkte op 'n wyse wat strydig is met die beginsels wat in paragraaf 1 vermeld word nie.

3. Met betrekking tot 'n bestaande binnelandse belasting wat strydig is met die bepalings van paragraaf 2, maar waartoe uitdruklik kragtens 'n handelsooreenkoms magtiging verleen is wat van krag is op 10 April 1947 en waarkragtens die invoerreg op die belaste produk nie verhoog mag word nie, is die kontrakterende party wat die belasting oplê, vry om die toepassing van die bepalings van paragraaf 2 op sodanige belasting uit te stel tot tyd en wyl hy van die verpligtings van die handelsooreenkoms onthef kan word ten einde die verhoging van die reg toe te laat in die mate wat nodig is om die uitskakeling van die beskermende element van die belasting te vergoed.

4. Die produkte van die gebied van 'n kontrakterende party wat in die gebied van 'n ander kontrakterende party ingevoer word, moet behandel word op 'n wyse wat ten minste ewe gunstig is as dié wat toegepas word op soortgelyke produkte van nasionale oorsprong ten opsigte van alle wette, regulasies en bepalings wat hulle binnelandse verkoop, te koop aanbied, aankoop, vervoer, distribusie of gebruik raak. Die bepalings van hierdie paragraaf belet nie die toepassing van differensiërende binnelandse vervoerheffings wat uitsluitlik op die lonende werking van die vervoermiddele gebaseer is en nie op die nasionaliteit van die produkte nie.

5. Geen kontrakterende party mag 'n binnelandse kwantitatiewe regulasie instel of in stand hou betreffende vermenging, verwerking of gebruik van produkte in gespesifiseerde hoeveelhede of verhoudings wat vereis, regstreeks of onregstreeks, dat 'n gespesifiseerde hoeveelheid of verhouding van 'n produk wat aan die regulasie onderworpe is, uit binnelandse bronne verskaf moet word nie. Bowendien mag geen kontrakterende party andersins binnelandse kwantitatiewe regulasies toepas op 'n wyse wat strydig is met die beginsels wat in paragraaf 1 vermeld word nie.

6. Die bepalings van paragraaf 5 is nie van toepassing op 'n binnelandse kwantitatiewe regulasie wat op 1 Julie 1939, 10 April 1947 of 24 Maart 1948, soos dié kontrakterende party verkies, in die gebied van 'n kontrakterende party van krag is nie; *met dien verstande* dat so'n regulasie wat met die bepalings van paragraaf 5 strydig is, nie tot nadeel van die invoer gewysig word nie en vir die doel van onderhandeling as doeanereg behandel word.

7. Geen binnelandse kwantitatiewe regulasie betreffende vermenging, verwerking of gebruik van produkte in gespesifiseerde hoeveelhede of verhoudings mag op so'n wyse toegepas word dat dit dié hoeveelheid of verhouding onder buitelandse voorraadbronne toewys nie.

8. (*a*) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op wette, regulasies of bepalings op die verkryging van produkte wat vir regeringsdoeleindes deur regeringsorganisasies aangekoop is, d.w.s. nie met die oog op herverkoop in die handel of met die oog op gebruik by die produksie van goedere vir verkoop in die handel nie.

(*b*) Die bepalings van hierdie artikel belet nie die betaling van subsidies uitsluitlik aan binnelandse produsente nie, met inbegrip van betalings aan binnelandse produsente, wat verkry is uit die opbrengs van binnelandse belastings of heffings wat in ooreenstemming met die bepalings van hierdie artikel toegepas word, en subsidies wat bewerkstellig word deur regeringsaankope van binnelandse produkte.

2. The products of the territory of any contracting party imported into the territory of any other contracting party shall not be subject, directly or indirectly, to internal taxes or other internal charges of any kind in excess of those applied, directly or indirectly, to like domestic products. Moreover, no contracting party shall otherwise apply internal taxes or other internal charges to imported or domestic products in a manner contrary to the principles set forth in paragraph 1.

3. With respect to any existing internal tax which is inconsistent with the provisions of paragraph 2 but which is specifically authorized under a trade agreement, in force on April 10, 1947, in which the import duty on the taxed product is bound against increase, the contracting party imposing the tax shall be free to postpone the application of the provisions of paragraph 2 to such tax until such time as it can obtain release from the obligations of such trade agreement in order to permit the increase of such duty to the extent necessary to compensate for the elimination of the protective element of the tax.

4. The products of the territory of any contracting party imported into the territory of any other contracting party shall be accorded treatment no less favourable than that accorded to like products of national origin in respect of all laws, regulations and requirements affecting their internal sale, offering for sale, purchase, transportation, distribution or use. The provisions of this paragraph shall not prevent the application of differential internal transportation charges which are based exclusively on the economic operation of the means of transport and not on the nationality of the product.

5. No contracting party shall establish or maintain any internal quantitive regulation relating to the mixture, processing or use of products in specified amounts or proportions which requires, directly or indirectly, that any specified amount or proportion of any product which is the subject of the regulation must be supplied from domestic sources. Moreover, no contracting party shall otherwise apply internal quantative regulations in a manner contrary to the principles set forth in paragraph 1.

6. The provisions of paragraph 5 shall not apply to any internal quantitative regulation in force in the territory of any contracting party on July 1, 1939, April 10, 1947, or March 24, 1948, at the option of that contracting party; *provided* that any such regulation which is contrary to the provisions of paragraph 5 shall not be modified to the detriment of imports and shall be treated as a customs duty for the purpose of negotiation.

7. No internal quantitative regulation relating to the mixture, processing or use of products in specified amounts or proportions shall be applied in such a manner as to allocate any such amount or proportion among external sources of supply.

8. (*a*) The provisions of this Article shall not apply to laws, regulations or requirements governnig the procurement by governmental agencies of products purchased for governmental purposes and not with a view to commercial resale or with a view to use in the production of goods for commercial sale.

(*b*) The provisions of this Article shall not prevent the payment of subsidies exclusively to domestic producers, including payments to domestic producers derived from the proceeds of internal taxes or charges applied consistently with the provisions of this Article and subsidies effected through governmental purchases of domestic products.

9. Die Kontrakterende Partye erken dat, al is binnelandse maksimum prysbeheermaatreëls in ooreenstemming met die ander bepalings van hierdie artikel, hulle tog 'n uitwerking kan hê wat nadelig is vir die belange van Kontrakterende Partye wat ingevoerde produkte lewer. Kontrakterende partye wat sulke maatreëls toepas, moet derhalwe die belange van uitvoerende Kontrakterende Partye in ag neem ten einde in die grootste mate so'n nadelige uitwerking te vermy.

10. Die bepalings van hierdie artikel belet geen kontrakterende party om binnelandse kwantitatiewe regulasies wat aan die vereistes van Artikel IV voldoen, met betrekking tot beligte kinematograaffilms in te stel of in stand te hou nie."

B.

Die teks van Artikel VI moet as volg lui:—

„ ARTIKEL VI.

Anti-dumpingregte en kontraregte.

1. Die Kontrakterende Partye erken dat dumping, waardeur produkte van een land in die handel van 'n ander land ingebring word teen minder as die normale waarde van die produkte, veroordeel moet word wanneer dit 'n gevestigde nywerheid in 'n kontrakterende party se gebied wesenlik benadeel of kan benadeel of die oprigting van 'n binnelandse nywerheid wesenlik vertraag. Daar moet vir die toepassing van hierdie artikel beskou word dat 'n produk in die handel van 'n invoerland ingebring word teen minder as sy normale waarde wanneer die prys van die produk wat van een land na 'n ander uitgevoer word—

(*a*) minder is as die vergelykbare prys, in die gewone loop van die handel, vir die soortgelyke produk wanneer dit vir verbruik in die uitvoerland bestem is; of

(*b*) by afwesigheid van so'n binnelandse prys, minder is as òf—

(i) die hoogste vergelykbare prys vir die soortgelyke produk bestem vir uitvoer na 'n derde land in die gewone loop van die handel; òf

(ii) die produksiekoste van die produk in die land van herkoms plus 'n redelike toevoeging vir verkoopskoste en wins.

In iedere geval moet daar behoorlik rekening gehou word met verskille in verkoopsvoorwaardes en -bepalings, met verskille in belasting en met ander verskille wat die prysvergelykbaarheid raak.

2. Ten einde dumping te neutraliseer of te voorkom, kan 'n kontrakterende party op 'n gedumpte produk 'n anti-dumpingreg hef wat uiterlik so groot is as die dumpingmarge ten opsigte van 'n produk. Vir die toepassing van hierdie artikel is die dumpingmarge die prysverskil wat ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 1 vasgestel word.

3. Die heffing van kontrareg is belet ten opsigte van 'n produk van die gebied van 'n kontrakterende party, wat in die gebied van 'n ander kontrakterende party ingevoer word bo 'n bedrag gelyk aan die geskatte premie of subsidie wat, na vasgestel is, ten opsigte van die vervaardiging, produksie of uitvoer van daardie produk in die land van herkoms of die uitvoerland regstreeks of onregstreeks toegestaan is, met inbegrip van 'n spesiale subsidie ten opsigte van die vervoer van 'n bepaalde produk. Onder die uitdrukking „ kontrareg " moet verstaan word 'n spesiale reg wat gehef word ten einde 'n premie of subsidie wat regstreeks of onregstreeks ten opsigte van die vervaardiging, produksie of uitvoer van handelsware toegestaan word, te neutraliseer.

4. Geen produk van die gebied van 'n kontrakterende party wat in die gebied van 'n ander kontrakterende party ingevoer word, mag onderworpe wees aan 'n anti-dumping- of kontrareg omdat daardie produk vrygestel word van regte of belastings wat op die soortgelyke produk gelê word wanneer dit vir gebruik in die land van herkoms of die uitvoerland bestem is, of omdat sodanige regte of belasting terugbetaal word nie.

9. The Contracting Parties recognize that internal maximum price control measures, even though conforming to the other provisions of this Article, can have effects prejudicial to the interests of contracting parties supplying imported products. Accordingly, contracting parties applying such measures shall take account of the interests of exporting contracting parties with a view to avoiding to the fullest practicable extent such prejudicial effects.

10. The provisions of this Article shall not prevent any contracting party from establishing or maintaining internal quantitative regulations relating to exposed cinematograph films and meeting the requirements of Article IV."

B.

The text of Article VI shall read:—

" ARTICLE VI.

Anti-dumping and Countervailing Duties.

1. The contracting parties recognize that dumping, by which products of one country are introduced into the commerce of another country at less than the normal value of the products, is to be condemned if it causes or threatens material injury to an established industry in the territory of a contracting party or materially retards the establishment of a domestic industry. For the purposes of this Article, a product is to be considered as being introduced into the commerce of an importing country at less than its normal value, if the price of the product exported from one country to another—

(*a*) is less than the comparable price, in the ordinary course of trade, for the like product when destined for consumption in the exporting country, or;

(*b*) in the absence of such domestic price, is less than either—

(i) the highest comparable price for the like product for export to any third country in the ordinary course of trade; or

(ii) the cost of production of the product in the country of origin plus a reasonable addition for selling cost and profit.

Due allowance shall be made in each case for differences in conditions and terms of sale, for differences in taxation, and for other differences affecting price comparability.

2. In order to offset or prevent dumping, a contracting party may levy on any dumped product an anti-dumping duty nor greater in amount than the margin of dumping in respect of such product. For the purposes of this Article, the margin of dumping is the price difference determined in accordance with the provisions of paragraph 1.

3. No countervailing duty shall be levied on any product of the territory of any contracting party imported into the territory of another contracting party in excess of an amount equal to the estimated bounty or subsidy determined to have been granted, directly or indirectly, on the manufacture, production or export of such product in the country of origin or exportation, including any special subsidy to the transportation of a particular product. The term " countervailing duty " shall be understood to mean a special duty levied for the purpose of offsetting any bounty or subsidy bestowed, directly or indirectly, upon the manufacture, production or export of any merchandise.

4. No product of the territory of any contracting party imported into the territory of any other contracting party shall be subject to anti-dumping or countervailing duty by reason of the exemption of such product from duties or taxes borne by the like product when destined for consumption in the country of origin or exportation, or by reason of the refund of such duties or taxes.

5. Geen produk van die gebied van 'n kontrakterende party wat in die gebied van 'n ander kontrakterende party ingevoer word, mag sowel aan anti-dumping- as kontraregte onderworpe wees ten einde dieselfde toestand van dumping of uitvoersubsidiëring te vergoed nie.

6. Geen kontrakterende party mag 'n anti-dumping- of kontrareg op die invoer van 'n produk uit die gebied van 'n ander kontrakterende party hef nie, tensy hy vasstel dat die uitwerking van die dumping of subsidiëring, na gelang van die geval, sodanig is dat dit 'n gevestigde binnelandse nywerheid wesenlik benadeel of kan benadeel of van so'n aard is dat dit die oprigting van 'n binnelandse nywerheid wesenlik vertraag. Die Kontrakterende Partye kan afsien van die bepalings van hierdie paragraaf ten einde 'n kontrakterende party toe te laat om 'n anti-dumping- of kontrareg op die invoer van 'n produk te hef met die doel om dumping of subsidiëring te neutraliseer wat 'n nywerheid in die gebied van 'n ander kontrakterende party wat die betrokke produk na die gebied van die invoerende kontrakterende party uitvoer, wesenlik benadeel of kan benadeel.

7. 'n Stelsel vir die stabilisering van die binnelandse prys of van die rendement vir binnelandse produsente van 'n primêre handelsartikel, sonder beïnvloeding deur die skommeling van uitvoerpryse wat by tye geskied wanneer die handelsartikel vir uitvoer teen 'n laer prys verkoop word as die vergelykbare prys wat die soortgelyke handelsartikel kopers in die binnelandse mark kos, word geag geen wesenlike benadeling binne die betekenis van paragraaf 6 te veroorsaak nie indien die Kontrakterende Partye wat wesenlik belang het by die betrokke handelsartikel, na onderlinge oorlegpleging bepaal dat—

(*a*) die stelsel ook daartoe gelei het dat die uitvoerhandelsartikel teen 'n hoër prys verkoop is as die vergelykbare prys wat kopers in die binnelandse mark vir die soortgelyke handelsartikels moet betaal; en

(*b*) die stelsel, òf deur middel van doeltreffende regulering van produksie òf andersins, op so'n wyse bestuur word dat dit die uitvoer nie oormatig stimuleer of die belange van ander Kontrakterende Partye andersins ernstig benadeel nie."

C.

Die sinsdeel „en vir enige binnelandse regulasie of vereiste kragtens paragrawe 3 en 4 van Artikel III" in paragraaf 5 van Artikel XIII word geskrap.

D.

Die aanvangsklousule van paragraaf 9 van Artikel XV moet lui:—

„9. Niks in hierdie Ooreenkoms belet die volgende nie: ".

E.

Die teks van Artikel XVIII moet lui:—

„ARTIKEL XVIII.

Staatsteun vir ekonomiese ontwikkeling en heropbou.

1. Die Kontrakterende Partye erken dat spesiale staatsteun nodig kan wees om die oprigting, ontwikkeling of heropbou van bepaalde nywerhede of vertakkinge van die landbou te bevorder en dat die verlening van hulp by wyse van beskermingsmaatreëls in gepaste omstandighede geregverdig is. Terselfdertyd erken hulle dat 'n onverstandige gebruik van sulke maatreëls onnodige swaar laste op hulle eie ekonomie en ongeregverdigde beperkings op die internasionale handel sou lê en die moeilikhede van aanpassing vir die ekonomie van ander lande onnodig sou vergroot.

2. Die Kontrakterende Partye en die betrokke Kontrakterende Partye moet die uiterste geheimhouding ten opsigte van sake ingevolge hierdie artikel bewaar.

5. No product of the territory of any contracting party imported into the territory of any other contracting party shall be subject to both anti-dumping and countervailing duties to compensate for the same situation of dumping or export subsidization.

6. No contracting party shall levy any anti-dumping or countervailing duty on the importation of any product of the territory of another contracting party unless it determines that the effect of the dumping or subsidization, as the case may be, is such as to cause or threaten material injury to an established domestic industry, or is such as to retard materially the establishment of a domestic industry. The Contracting Parties may waive the requirements of this paragraph so as to permit a contracting party to levy an anti-dumping or countervailing duty on the importation of any product for the purpose of offsetting dumping or subsidization which causes or threatens material injury to an industry in the territory of another contracting party exporting the product concerned to the territory of the importing contracting party.

7. A system for the stabilization of the domestic price or of the return to domestic producers of a primary commodity, independently of the movements of export prices, which results at times in the sale of the commodity for export at a price lower than the comparable price charged for the like commodity to buyers in the domestic market, shall be presumed not to result in material injury within the meaning of paragraph 6 if it is determined by consultation among the Contracting Parties substantially interested in the commodity concerned that—

(*a*) the system has also resulted in the sale of the commodity for export at a price higher than the comparable price charged for the like commodity to buyers in the domestic market; and

(*b*) the system is so operated, either because of the effective regulation of production, or otherwise, as not to stimulate exports unduly or otherwise seriously prejudice the interest of other Contracting Parties."

C.

The phrase " and to any internal regulation or requirement under paragraphs 3 and 4 of Article III " in paragraph 5 of Article XIII shall be deleted.

D.

The opening clause of paragraph 9 of Article XV shall read:—

" 9. Nothing in this Agreement shall preclude:".

E.

The text of Article XVIII shall read:—

" ARTICLE XVIII.

Governmental Assistance to Economic Development and Reconstruction.

1. The Contracting Parties recognize that special governmental assistance may be required to promote the establishment, development or reconstruction of particular industries or branches of agriculture, and that in appropriate circumstances the grant of such assistance in the form of protective measures is justified. At the same time they recognize that an unwise use of such measures would impose undue burdens on their own economies and unwarranted restrictions on international trade, and might increase unnecessarily the difficulties of adjustment for the economies of other countries.

2. The Contracting Parties and the Contracting Parties concerned shall preserve the utmost secrecy in respect of matters arising under this Article.

A.

3. Indien 'n kontrakterende party in belang van sy ekonomiese ontwikkeling of heropbou, of met die doel om 'n meesbegunstigingstarief te verhoog in verband met die oprigting van 'n nuwe voorkeursooreenkoms ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 3 van Artikel I, dit wenslik ag om 'n nie-diskriminerende maatreël aan te neem wat die invoer raak en wat strydig sou wees met 'n verpligting wat die Kontrakterende Party kragtens Artikel II van hierdie Ooreenkoms aangeneem het, maar wat nie met ander bepalings in hierdie Ooreenkoms strydig sou wees nie, moet so'n kontrakterende party—

(*a*) regstreekse onderhandelings met al die ander Kontrakterende Partye aanknoop. Die toepaslike Bylaes van hierdie Ooreenkoms word gewysig ooreenkomstig 'n ooreenkoms wat uit sulke onderhandelings kan voortvloei; of

(*b*) aanvanklik by die Kontrakterende Partye aansoek doen, of hy kan dit doen ingeval daar nie tot 'n ooreenkoms ingevolge subparagraaf (*a*) geraak kan word nie. Die Kontrakterende Partye stel vas watter kontrakterende party of partye wesenlik deur die voorgestelde maatreël getref word en steun onderhandelinge tussen dié kontrakterende party of partye en die applikant-kontrakterende party ten einde 'n spoedige en wesenlike ooreenkoms te bewerkstellig. Die Kontrakterende Partye stel vir die onderhandelings vir die betrokke Kontrakterende Partye 'n tydsrooster op en stuur dit aan hulle, waarby sover moontlik 'n tydsrooster gevolg word wat deur die applikant-kontrakterende party voorgestel is. Die Kontrakterende Partye begin dié onderhandelings en gaan onafgebroke daarmee voort ooreenkomstig die tydsrooster wat die Kontrakterende Partye opgestel het. Op versoek van 'n kontrakterende party kan die Kontrakterende Partye, waar hulle in beginsel met die voorgestelde maatreël akkoord gaan, by die onderhandelings hulp verleen. Wanneer daar tot 'n wesenlike ooreenkoms geraak word, kan die applikant-kontrakterende party deur die Kontrakterende Partye van die verpligting wat in hierdie paragraaf vermeld word, onthef word, behoudens die beperkings waartoe in die onderhandelings tussen die betrokke Kontrakterende Partye ooreengekom mag wees.

4. (*a*) Indien daar ten gevolge van optrede waartoe ingevolge paragraaf 3 oorgegaan is, 'n toename is in die invoer van 'n betrokke produk, met inbegrip van produkte wat regstreeks in die plek daarvan gestel kan word, en dié toename, as dit voortduur so groot sou wees dat dit die oprigting, ontwikkeling of heropbou van die betrokke nywerheid of vertakking van die landbou in gevaar sou stel, en indien daar geen voorkomingsmaatreëls in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Ooreenkoms gevind kan word wat waarskynlik doeltreffend sal wees nie, kan die applikant-kontrakterende party, nadat hy die Kontrakterende Partye daarvan verwittig het en indien doenlik met hulle oorleg gepleeg het, ander maatreëls wat in die omstandighede nodig mag wees, neem, mits die maatreëls geen groter beperkings op die invoer lê as wat nodig is om die toename in invoer wat in hierdie subparagraaf vermeld word, te neutraliseer nie; buiten in ongewone omstandighede mag sulke maatreëls die invoer nie benede die peil wat geheers het in die jongste verteenwoordigende tydperk voor die datum waarop die Kontrakterende Party tot optrede kragtens paragraaf 3 oorgegaan het, verminder nie.

(*b*) Die Kontrakterende Partye moet so spoedig doenlik vasstel of so'n maatreël moet voortbestaan dan wel beëindig of gewysig moet word. Dit word in iedere geval beëindig sodra die Kontrakterende Partye vasstel dat die onderhandelings afgeloop het of gestaak is.

A.

3. If a contracting party, in the interest of its economic development or reconstruction, or for the purpose of increasing a most-favoured-nation rate of duty in connection with the establishment of a new preferential agreement in accordance with the provisions of paragraph 3 of Article I, considers it desirable to adopt any non-discriminatory measure affecting imports which would conflict with an obligation which the contracting party has assumed under Article II of this Agreement, but which would not conflict with other provisions in this Agreement, such contracting party—

(*a*) shall enter into direct negotiations with all the other Contracting Parties. The appropriate Schedules to this Agreement shall be amended in accordance with any agreement resulting from such negotiations; or

(*b*) shall initially or may, in the event of failure to reach agreement under sub-paragraph (*a*), apply to the Contracting Parties. The Contracting Parties shall determine the contracting party or parties materially affected by the proposed measure and shall sponsor negotiations between such contracting party or parties and the applicant contracting party with a view to obtaining expeditious and substantial agreement. The Contracting Parties shall establish and communicate to the Contracting Parties concerned a time schedule for such negotiations following as far as practicable any time schedule which may have been proposed by the applicant contracting party. The Contracting Parties shall commence and proceed continuously with such negotiations in accordance with the time schedule established by the Contracting Parties. At the request of a contracting party, the Contracting Parties may, where they concur in principle with the proposed measure, assist in the negotiations. Upon substantial agreement being reached, the applicant contracting party may be released by the Contracting Parties from the obligation referred to in this paragraph, subject to such limitations as may have been agreed upon in the negotiations between the Contracting Parties concerned.

4. (*a*) If as a result of action initiated under paragraph 3 there should be an increase in imports of any product concerned, including products which can be directly substituted therefor, which if continued would be so great as to jeopardize the establishment, development or reconstruction of the industry or branch of agriculture concerned, and if no preventive measures consistent with the provisions of this Agreement can be found which seem likely to prove effective, the applicant contracting party may, after informing, and when practicable consulting with, the Contracting Parties, adopt such other measures as the situation may require, provided that such measures do not restrict imports more than necessary to offset the increase in imports referred to in this subparagraph; except in unusual circumstances, such measures shall not reduce imports below the level obtaining in the most recent representative period preceding the date on which the contracting party initiated action under paragraph 3.

(*b*) The Contracting Parties shall determine, as soon as practicable, whether any such measure should be continued, discontinued or modified. It shall in any case be terminated as soon as the Contracting Parties determine that the negotiations are completed or discontinued.

(*c*) Daar word erken dat die betrekkinge tussen Kontrakterende Partye kragtens Artikel II van hierdie Ooreenkoms wederkerige voordele inhou, en 'n kontrakterende party wie se handel wesenlik deur die optrede geraak word, kan daarom die toepassing van wesenlik ooreenkomstige verpligtings of konsessies kragtens hierdie Ooreenkoms op die handel van die applikant-kontrakterende party opskort, mits die betrokke kontrakterende party die Kontrakterende Partye geraadpleeg het voordat hy aldus opgetree het en dit die Kontrakterende Partye se goedkeuring wegdra.

B.

5. In die geval van 'n nie-diskriminerende maatreël wat die invoer raak en van toepassing sou wees op elke produk ten opsigte waarvan die Kontrakterende Party kragtens Artikel II van hierdie Oorenkoms 'n verpligting aanvaar het, en wat strydig sou wees met 'n ander bepaling van hierdie Ooreenkoms, is die bepalings van subparagraaf (*b*) van paragraaf 3 van toepassing; *met dien verstande* dat die Kontrakterende Partye aan alle Kontrakterende Partye wat, na hulle vasstel, wesenlik geraak word, genoegsame geleentheid gee om hulle meninge te lug voordat 'n opheffing toegestaan word. In hierdie geval is die bepalings van paragraaf 4 ook van toepassing.

C.

6. Indien 'n kontrakterende party dit in belang van sy ekonomiese ontwikkeling of heropbou wenslik ag om 'n nie-diskriminerende maatreël aan te neem wat die invoer raak en wat met die bepalings van hierdie Ooreenkoms, behalwe Artikel II, strydig sou wees, dog wat nie van toepassing sou wees op 'n produk ten opsigte waarvan die kontrakterende party kragtens Artikel II 'n verpligting op hom geneem het nie, moet dié kontrakterende party die Kontrakterende Partye daarvan in kennis stel en aan die Kontrakterende Partye 'n skriftelike verklaring stuur van die oorwegings ten gunste van die aanname van die voorgestelde maatreël vir 'n gespesifiseerde tydperk.

7. (*a*) Op aansoek van so'n kontrakterende party moet die Kontrakterende Partye met die voorgestelde maatreël instem en die nodige opheffing vir 'n gespesifiseerde tydperk verleen indien daar met besondere inagneming van die applikant-kontrakterende party se behoefte aan ekonomiese ontwikkeling of heropbou vasgestel is dat die maatreël—

(i) opgestel is om 'n bepaalde nywerheid te beskerm wat tussen 1 Januarie 1939 en 24 Maart 1948 opgerig is en wat gedurende dié tydperk van sy ontwikkeling deur abnormale omstandighede ten gevolge van die oorlog beskerm is; of

(ii) opgestel is om die oprigting of ontwikkeling van 'n bepaalde nywerheid vir die verwerking van 'n binnelandse primêre handelsartikel te bevorder, wanneer die afset in die buiteland van dié handelsartikel wesenlik verminder is ten gevolge van nuwe of verhoogde beperkings wat in die buiteland opgelê is; of

(iii) met die oog op die moontlikhede en hulpbronne van die applikant-kontrakterende party nodig is om die oprigting of ontwikkeling te bevorder van 'n bepaalde nywerheid vir die verwerking van 'n binnelandse primêre handelsartikel of vir die verwerking van 'n neweproduk van so'n nywerheid wat anders verlore sou gaan, ten einde die applikant-kontrakterende party se natuurlike hulpbronne en arbeidskragte volledíger en meer ekonomies aan te wend en op die duur die lewenstandaard binne die applikant-kontrakterende party se gebied te verhoog, terwyl dit onwaarskynlik is dat dit op die duur 'n skadelike uitwerking op die internasionale handel sal hê; of

(*c*) It is recognized that the relationships between contracting parties under Article II of this Agreement involve reciprocal advantages, and therefore any contracting party whose trade is materially affected by the action may suspend the application to the trade of the applicant contracting party of substantially equivalent obligations or concessions under this Agreement provided that the contracting party concerned has consulted the Contracting Parties before taking such action and the Contracting Parties do not disapprove.

B.

5. In the case of any non-discriminatory measure affecting imports which would apply to any product in respect of which the contracting party has assumed an obligation under Article II of this Agreement and which would conflict with any other provision of this Agreement, the provisions of sub-paragraph (*b*) of paragraph 3 shall apply; *provided* that before granting a release the Contracting Parties shall afford adequate opportunity for all Contracting Parties which they determine to be materially affected to express their views. The provisions of paragraph 4 shall also be applicable in this case.

C.

6. If a contracting party in the interest of its economic development or reconstruction considers it desirable to adopt any non-discriminatory measure affecting imports which would conflict with the provisions of this Agreement other than Article II, but which would not apply to any product in respect of which the contracting party has assumed an obligation under Article II, such contracting party shall notify the Contracting Parties and shall transmit to the Contracting Parties a written statement of the considerations in support of the adoption, for a specified period, of the proposed measure.

7. (*a*) On application by such contracting party the Contracting Parties shall concur in the proposed measure and grant the necessary release for a specified period if, having particular regard to the applicant contracting party's need for economic development or reconstruction, it is established that the measure—

(i) is designed to protect a particular industry established between January 1, 1939, and March 24, 1948, which was protected during that period of its development by abnormal conditions arising out of the war; or

(ii) is designed to promote the establishment or development of a particular industry for the processing of an indigenous primary commodity, when the external sales of such commodity have been materially reduced as a result of new or increased restrictions imposed abroad; or

(iii) is neccessary in view of the possibilities and resources of the applicant contracting party to promote the establishment or development of ap particular industry for the processing of an indigenous primary commodity, or for the processing of a by-product of such industry, which would otherwise be wasted, in order to achieve a fuller and more economic use of the applicant contracting party's natural resources and manpower and, in the long run, to raise the standard of living within the territory of the applicant contracting party, and is unlikely, to have a harmful effect, in the long run, on international trade; or

(iv) waarskynlik geen groter beperkings op die internasionale handel sal lê nie as 'n ander praktiese uitvoerbare en redelike maatreël wat kragtens hierdie Ooreenkoms toegelaat word en wat sonder alte groot moeilikheid opgelê sou kan word en wat met inagneming van die ekonomie van die betrokke nywerheid of vertakking van die landbou en van die applikant-kontrakterende party se behoefte aan ekonomiese ontwikkeling of heropbou, die geskikste maatreël vir dié doel is.

Die voorgaande bepalings van hierdie subparagraaf is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(1) 'n Voorstel deur die applikant-kontrakterende party om so'n maatreël, met of sonder wysiging, na afloop van die aanvangstydperk toe te pas, is nie aan die bepalings van hierdie paragraaf onderworpe nie; en

(2) die Kontrakterende Partye verleen nie hulle goedkeuring aan 'n maatreël kragtens die bepalings van (i), (ii) of (iii) hierbo wat waarskynlik die uitvoer van 'n primêre handelsartikel waarvan die ekonomie van 'n ander kontrakterende party se gebied grootliks afhanklik is, ernstig sal benadeel nie.

(*b*) Die applikant-kontrakterende party moet elke maatreël wat kragtens subparagraaf (*a*) toegelaat word, op so'n wyse toepas dat hy onnodige skade aan die handels- of ekonomiese belange van 'n ander kontrakterende party vermy.

8. Indien die voorgestelde maatreël nie binne die bepalings van paragraaf 7 val nie, kan die kontrakterende party—

(*a*) regstreekse beraadslagings hou met die kontrakterende party of partye wat na sy oordeel wesenlik deur die maatreël geraak sou word. Die kontrakterende party moet die Kontrakterende Partye terselfdertyd van die beraadslagings verwittig ten einde hulle 'n geleentheid te gee om vas te stel of al die Kontrakterende Partye wat wesenlik geraak word by die beraadslagings, ingesluit is. Wanneer daar tot 'n volledige of wesenlik ooreenkoms geraak word, moet die kontrakterende party wat belang het by die neem van die maatreël, by die Kontrakterende Partye aansoek doen. Die Kontrakterende Partye ondersoek die aansoek sonder versuim om vas te stel of die belange van al die Kontrakterende Partye wat wesenlik geraak word, behoorlik in ag geneem is. Indien die Kontrakterende Partye met of sonder verdere beraadslagings tussen die betrokke Kontrakterende Partye tot hierdie gevolgtrekking geraak, onthef hulle die applikant-kontrakterende party van sy verpligtings kragtens die betrokke bepaling van hierdie Ooreenkoms, behoudens die beperkings wat die Kontrakterende Partye mag oplê, of kan hulle—

(*b*) in die eerste plek of ingeval daar nie tot 'n volledige of wesenlike ooreenkoms kragtens subparagraaf (*a*) geraak kan word nie, by die Kontrakterende Partye aansoek doen. Die Kontrakterende Partye stuur onverwyld die verklaring wat kragtens paragraaf 6 ingedien is, aan die kontrakterende party of partye wat, na die Kontrakterende Partye vasstel, wesenlik deur die voorgestelde maatreël geraak word. Die kontrakterende party of partye moet binne die tydsgrense wat deur die Kontrakterende Partye voorgeskryf word, hulle daarvan verwittig of daar in die lig van die verwagte uitwerking van die voorgestelde maatreël op die ekonomie van die kontrakterende party of

(iv) is unlikely to be more restrictive of international trade than any other practicable and reasonable measure permitted under this Agreement, which could be imposed without undue difficulty, and is the one most suitable for the purpose having regard to the economics of the industry or branch of agriculture concerned and to the applicant contracting party's need for economic development or reconstruction.

The foregoing provisions of this sub-paragraph are subject to the following conditions:—

(1) Any proposal by the applicant contracting party to apply any such measure, with or without modification, after the end of the initial period, shall not be subject to the provisions of this paragraph; and

(2) the Contracting Parties shall not concur in any measure under the provisions of (i), (ii) or (iii) above which is likely to cause serious prejudice to exports of a primary commodity on which the economy of the territory of another contracting party is largely dependent.

(*b*) The applicant contracting party shall apply any measure permitted under sub-paragraph (*a*) in such a way as to avoid unnecessary damage to the commercial or economic interests of any other contracting party.

8. If the proposed measure does not fall within the provisions of paragraph 7, the contracting party—

(*a*) may enter into direct consultations with the contracting party or parties which, in its judgment, would be materially affected by the measure. At the same time, the contracting party shall inform the Contracting Parties of such consultations in order to afford them an opportunity to determine whether all materially affected Contracting Parties are included within the consultations. Upon complete or substantial agreement being reached, the contracting party interested in taking the measure shall apply to the Contracting Parties. The Contracting Parties shall promptly examine the application to ascertain whether the interests of all the materially affected Contracting Parties have been duly taken into account. If the Contracting Parties reach this conclusion with or without further consultations between the Contracting Parties concerned, they shall release the applicant contracting party from its obligations under the relevant provision of this Agreement, subject to such limitations as the Contracting Parties may impose; or

(*b*) may initially, or in the event of failure to reach complete or substantial agreement under subparagraph (*a*), apply to the Contracting Parties. The Contracting Parties shall promptly transmit the statement submitted under paragraph 6 to the contracting party or parties which are determined by the Contracting Parties to be materially affected by the proposed measure. Such contracting party or parties shall, within the time limits prescribed by the Contracting Parties, inform them whether, in the light of the anticipated effects of the proposed measure on the economy of the territory of such con-

partye se gebied, 'n beswaar teen die voorgestelde maatreël bestaan. Die Kontrakterende Partye moet—

(i) indien daar van die kant van die kontrakterende party of partye wat geraak word, geen beswaar teen die voorgestelde maatreël ingebring word nie, die applikant-kontrakterende party onmiddellik van sy verpligtings ingevolge die betrokke bepaling van hierdie Ooreenkoms onthef; of;

(ii) indien daar wel beswaar aangeteken word, die voorgestelde maatreël onmiddellik ondersoek, met inagneming van die bepalings van hierdie Ooreenkoms, van die oorwegings wat deur die applikant-kontrakterende party voorgelê is en sy behoefte aan ekonomiese ontwikkeling of heropbou, van die sienswyse van die kontrakterende party of partye wat, na vasgestel is, wesenlik geraak word, en van die uitwerking wat die voorgestelde maatreël, met of sonder wysiging, waarskynlik, onmiddellik sowel as op die duur, op die internasionale handel sal hê en op die duur op die lewenspeil binne die applikant-kontrakterende party se gebied. Die Kontrakterende Partye moet, indien hulle ten gevolge van so'n ondersoek met die voorgestelde maatreël, met of sonder wysiging, instem, die applikant-kontrakterende party van sy verpligtings ingevolge die betrokke bepalings van hierdie Ooreenkoms onthef, behoudens beperkings wat hulle mag oplê.

9. Indien daar in afwagting van die Kontrakterende Partye se instemming met die neem van 'n maatreël wat in paragraaf 6 vermeld word, 'n vermeerdering of 'n moontlike vermeerdering in die invoer van 'n betrokke produk, met inbegrip van produkte wat regstreeks in die plek daarvan gestel kan word, sou voorkom, en wel in so'n mate dat dit die oprigting, ontwikkeling of heropbou van die betrokke nywerheid of vertakking van die landbou in gevaar sou stel, en indien daar geen voorkomingsmaatreëls wat met hierdie Ooreenkoms strook, gevind kan word wat waarskynlik doeltreffend sal wees nie, kan die applikant-kontrakterende party, nadat hy die Kontrakterende Partye daaromtrent ingelig en hulle, indien moontlik, geraadpleeg het, ander maatreëls, na gelang van die toestand, neem tot tyd en wyl die Kontrakterende Partye oor die kontrakterende party se aansoek besluit het; *met dien verstande* dat sulke maatreëls nie die invoer benede die peil verlaag wat in die jongste verteenwoordigende tydperk voor die datum van die bekendmaking kragtens paragraaf 6, geheers het nie.

10. Die Kontrakterende Partye moet so spoedig moontlik, maar gewoonlik binne vyftien dae na ontvangs van 'n aansoek kragtens die bepalings van paragraaf 7 of subparagrawe (*a*) of (*b*) of paragraaf 8, die applikant-kontrakterende party verwittig van die datum waarvoor of waarop hy daarvan in kennis gestel sal word of hy van die betrokke verpligting onthef is al dan nie. Hierdie datum moet so vroeg moontlik wees en nie later as neëntig dae na ontvangs van so'n aansoek nie; *met dien verstande* dat, indien daar voor die vasgestelde datum onvoorsiene moeilikhede ontstaan, die tydperk, na beraadslaging met die applikant-kontrakterende party, verleng kan word. Indien die applikant-kontrakterende party nie teen die vasgestelde datum sodanige kennisgewing ontvang het nie, kan hy, nadat hy die Kontrakterende Partye in kennis gestel het, die voorgestelde maatreël in werking stel.

tracting party or parties, there is any objection to the proposed measure. The Contracting Parties shall—

(i) if there is no objection to the proposed measure on the part of the affected contracting party or parties, immediately release the applicant contracting party from its obligations under the relevant provision of this Agreement; or

(ii) if there is objection, promptly examine the proposed measure, having regard to the provisions of this Agreement, to the considerations presented by the applicant contracting party and its need for economic development or reconstruction, to the views of the Contracting Party or Parties determined to be materially affected, and to the effect which the proposed measure, with or without modification, is likely to have, immediately and in the long run, on international trade, and, in the long run, on the standard of living within the territory of the applicant contracting party. If, as a result of such examination, the Contracting Parties concur in the proposed measure, with or without modification, they shall release the applicant contracting party from its obligations under the relevant provision of this Agreement, subject to such limitations as they may impose.

9. If, in anticipation of the concurrence of the Contracting Parties in the adoption of a measure referred to in paragraph 6, there should be an increase or threatened increase in the imports of any product concerned, including products which can be directly substituted therefor, so substantial as to jeopardize the establishment, development or reconstruction of the industry or branch of agriculture concerned, and if no preventive measures consistent with this Agreement can be found which seem likely to prove effective, the applicant contracting party may, after informing, and when practicable consulting with, the Contracting Parties, adopt such other measures as the situation may require, pending a decision by the Contracting Parties on the contracting party's application; *provided* that such measures do not reduce imports below the level obtaining in the most recent representative period preceding the date on which notification was given under paragraph 6.

10. The Contracting Parties shall, at the earliest opportunity but ordinarily within fifteen days after receipt of an application under the provisions of paragraph 7 or sub-paragraphs (*a*) or (*b*) of paragraph 8, advise the applicant contracting party of the date by which it will be notified whether or not it is released from the relevant obligation. This shall be the earliest practicable date and not later than ninety days after receipt of such application; *provided* that, if unforeseen difficulties arise before the date set, the period may be extended after consultation with the applicant contracting party. If the applicant contracting party is not so notified by the date set, it may, after informing the Contracting Parties, institute the proposed measure.

11. 'n Kontrakterende party kan 'n nie-diskriminerende beskermingsmaatreël rakende invoer wat op 1 September 1947 van krag was en wat vir die oprigting, ontwikkeling of heropbou van 'n bepaalde nywerheid of vertakking van die landbou ingestel is en nie andersins by hierdie Ooreenkoms toegelaat word nie, handhaaf; *met dien verstande* dat aan die ander Kontrakterende Partye voor of op 10 Oktober 1947 kennis gegee is van die maatreël en van elke produk ten opsigte waarvan dit gehandhaaf sal word en van die aard en doel daarvan.

12. 'n Kontrakterende party wat so'n maatreël handhaaf, moet binne sestig dae nadat hy 'n kontrakterende party geword het, aan die Kontrakterende Partye 'n verklaring voorlê van die oorwegings ter ondersteuning van die handhawing van die maatreël en die tydperk waarin hy dit wil handhaaf. Die Kontrakterende Partye moet so spoedig moontlik, maar in elk geval binne twaalf maande na die datum waarop so'n kontrakterende party 'n kontrakterende party word, die maatreël ondersoek en 'n beslissing daaroor gee asof dit vir hulle toestemming kragtens paragrawe 1 tot en met 10 van hierdie artikel voorgelê was.

13. Die bepalings van paragrawe 11 en 12 van hierdie artikel is nie van toepassing op 'n maatreël betreffende 'n produk ten opsigte waarvan die kontrakterende party kragtens artikel II van hierdie Ooreenkoms 'n verpligting op hom geneem het nie.

14. In gevalle waar die Kontrakterende Partye besluit dat 'n maatreël teen 'n genoemde datum gewysig of ingetrek moet word, moet hulle die moontlike behoefte van 'n kontrakterende party aan 'n tydperk waarin hy die wysiging of intrekking kan uitvoer, in ag neem."

F.

Subparagraaf (*b*) en die aanwysing „(*a*)" in paragraaf 5 van artikel XXVI word geskrap.

G.

(i) Die onderstaande word in Aanghangsel I, onmiddellik na die verklarende opmerkings wat op artikel II betrekking het, ingevoeg:—

„*Ad* ARTIKEL III.

'n Binnelandse belasting of ander binnelandse heffing of 'n wet, regulasie of bepaling van die soort wat in paragraaf 1 vermeld word en wat van toepassing is op 'n ingevoerde produk en op die soortgelyke binnelandse produk en wat in die geval van die ingevoerde produk op die tyd of plek van invoer ingevorder of opgelê word, moet nogtans beskou word 'n binnelandse belasting of ander binnelandse heffing of 'n wet, regulasie of bepaling van die soort wat in paragraaf 1 vermeld word, te wees en is derhalwe onderworpe aan die bepalings van artikel III.

Paragraaf 1.

Die toepassing van paragraaf 1 op binnelandse belastings wat deur plaaslike owerhede en besture binne die gebied van 'n kontrakterende party opgelê word, is onderworpe aan die bepalings van die slotparagraaf van artikel XXIV. Die uitdrukking ,redelike maatreëls' in laasgenoemde paragraaf sou dit byvoorbeeld onnodig maak om bestaande nasionale wetgewing te herroep wat plaaslike owerhede magtig om binnelandse belastings op te lê wat, hoewel hulle tegnies strydig is met die letter van artikel III, tog inderdaad nie met die gees daarvan in stryd is nie, indien die herroeping vir die betrokke plaaslike owerhede of besture 'n ernstige finansiële ontbering tot gevolg sou hê. Met betrekking tot belasting wat deur plaaslike owerhede of besture opgelê word en sowel met die letter as met die gees van artikel III in stryd is, sal die uitdrukking ,redelike maatreëls' 'n kontrakterende party toelaat om die strydige belasting geleidelik oor 'n oorgangstydperk uit te skakel, indien skielike optrede ernstige administratiewe en finansiële moeilikhede sou meebring.

11. Any contracting party may maintain any non-discriminatory protective measure affecting imports in force on September 1, 1947, which has been imposed for the establishment, development or reconstruction of a particular industry or branch of agriculture and which is not otherwise permitted by this Agreement; *provided* that notification has been given to the other Contracting Parties not later than October 10, 1947, of such measure and of each product on which it is to be maintained and of its nature and purpose.

